VOERMOL KORN KANDY

Klas: Proteïen- en Mineraalkonsentraat vir Herkouers

KORN KANDY

V1551

VOERMOL KORN KANDY is ’n konsentraat in vloeivorm vir die verryking van graan deur die byvoeging van proteïen, vitamien A, minerale, buffers en medikamente:

– is ’n veilige en gerieflike metode om graan te voer, aangesien dit gebuffer is en medikamente bevat;
– dit help om koksidiose in lammers te beperk. Verder verhoog dit bloedglukose-vlakke om ketose (domsiekte) te help voorkom;
– beperk aborsies by swaar dragtige Angora-ooie;
– dit word aanbeveel om ook deurvloeiproteïen addisioneel in te sluit;
– is maklik om te gebruik. Skakel voerbakke uit. Verrykte graan kan op harde oppervlaktes in kampe gevoer word;
– is nie stowwerig nie en daarom is vermorsing min en is dit ’n plesier om daarmee te werk;
– is ’n veelsydige produk met baie gebruike vir die voer van skape, bokke en beeste;
– is ’n goed-gebalanseerde konsentraat met die regte minerale, spoorminerale en proteïenvlakke. Dit verander dus die graan in ’n veilige gebalanseerde aanvulling.

SAMESTELLING VAN VOERMOL KORN KANDY

REG NR V1551 (Wet 36/1947)

		(g/kg)		(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	432	Mangaan	245
Ureum	(maks)	142.7	Koper	41
Vog	(maks)	480	Kobalt	0.4
Kalsium	(maks)	70	Yster	216
Fosfor	(min)	0.5	Jodium	6.5
			Sink	179
			Selenium	0.46
			Vitamien A (IE/kg)	40 000
*94.8 % afkomstig vanaf NPN.			Bevat medikamente	

Verpakking – 25 kg

Sien ureumwaarskuwing

SKUD DIE HOUER DEEGLIK VOOR GEBRUIK.

L.W. Bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie. Moet nie ongemeng gevoer word nie.

MEDIKAMENTE WAARSKUWING: Hierdie produk bevat geregistreerde medikamente. Voer streng volgens neergelegde gebruiksaanwysings.

Voermol

MENGINSTRUKSIES (kg)		
Mengsel	1	2
Voermol Korn Kandy	25	25
Heel Mielies	200	–
Kleingraan	–	250
Gebluste kalk	3	4
Totaal	228	279
Vir teelramme en dragtige of lakterende ooie, meng 15-25 kg **Voermol Procon 33** in by Mengsels 1 of 2		
SAMESTELLING VAN FINALE MENGSEL (g/kg)		
(Bereken soos vir 'n vog-inhoud van 12 %)		
Ruproteïen (min)	117	137
Ureum (maks)	15.6	12.8
Ruvesel (maks)	26.5	45
Kalsium (maks)	8.2	8
Fosfor (min)	2.3	3.5
% Proteïen afkomstig vanaf NPN	38.4	26.8

VOEDINGSINSTRUKSIES
Gebruik **Voermol Korn Kandy**-behandelde graan altyd saam met voldoende weiding of ruvoer. Voorsien voldoende vreetspasie sodat die diere almal gelyktydig kan vreet. **Voermol Korn Kandy** is maklik om te gebruik met verskeie aanwendings:

a) Prikkelvoeding
Die **Voermol Maxiwol Produkte** lewer die mees doeltreffende prikkelvoere. As alternatief, kan die **Voermol Korn Kandy** mengsels met graan aan ooie gevoer word vanaf 21 dae voor paring vir `n periode van ses weke.
Inname: 250 – 400 g/ooi/dag

b) Teelramme
Voer die onderstaande mengsel aan teelramme vanaf twee tot drie maande voor asook tydens die teelseisoen. Dit hou ramme in 'n goeie werkende kondisie.
Inname: 300 – 500 g/ram/dag
Waar manlike diere vir langer as 4 weke gevoer word moet 2.5 kg ammoniumchloried by elk van mengsels 1 en 2 ingesluit word om blaasstene te help voorkom. Vir maksimum testisgroei, skrotale omtrek en spermproduksie moet 15 – 25 kg **Voermol Procon 33** by mengsels 1 en 2 ingesluit word.

c) Stoetdiere
Voer aan stoetdiere om 'n gesonde, aantreklike dier in 'n goeie kondisie te kry. Vir maksimum spiergroeitempo voeg 15 – 25 kg **Voermol Procon 33** by mengsels 1 en 2. Vir manlike diere moet ammoniumchloried ingesluit word [sien (b) Teelramme].

Voermol

Inname	(g/dier/dag)
Groeiende diere:	300 – 500
Volwasse teeldiere:	300 – 500
Vir skou-afronding:	500 – 1 000

d) Droogte- of onderhoudsvoeding

Voermol Korn Kandy-behandelde graan kan met welslae gebruik word as energie-aanvulling tydens droogtetoestande. Voer die behandelde graan op harde grondoppervlaktes. Die beste resultate word verkry deur diere elke tweede dag te voer, in plaas van daagliks.

Inname	(g/dier/dag)
Droë, nie-produserende kleinvee:	200 – 300
Groeiende lammers (swaarder as 30 kg):	200 – 400

Inname behoort aangepas te word volgens kondisie van die dier asook die gehalte en beskikbaarheid van weiding.

e) Afronding van Beeste en Skape

Voermol Korn Kandy-behandelde graan kan suksesvol gebruik word vir die afronding van skape, bokke en beeste in krale of op die veld. Voer die behandelde graan *ad lib*. tesame met grofgemaalde ruvoer in ’n vrye keuse stelsel (Sien die **Voermolstelsel** onder **Voermol SB 100**). Voer die behandelde graan teen 100 g vir skape en bokke en 2 kg vir beeste op die eerste dag. Verhoog die voedingspeil geleidelik tot *ad lib*. -voedingspeil na ongeveer 14 dae. Dit is belangrik om voldoende kripspasie toe te laat sodat alle diere gelyktydig toegang tot die voer het. ’n Populêre manier om beeste, skape en bokke af te rond, is om **Voermol Korn Kandy**-graan as aanvulling op weiding te voer. Indien harde grondoppervlaktes beskikbaar is, kan die behandelde graan op die grond gevoer word.

f) Aborsies en domsiekte by dragtige bokke asook kouevrektes

Vir die beperking van aborsies en domsiekte by dragtige bokke voer 250 – 300 g per dag behandelde graan per bok gedurende tye van omgewingstres. Hoogs aanbeveel om vir laatdragtige bokooie ook deurvloeiproteïen addisioneel in te sluit [sien (g) hieronder] of ’n **Voermol Maxiwol** lek te voer**.**

g) Laatdragtige en lakterende skaap- en bokooie

Om in die deurvloeiproteïenbehoefte van hierdie klas diere te voorsien, moet 15 – 25 kg **Voermol Procon 33** by mengsels 1 en 2 gevoeg word. Voer hierdie mengsels teen 250 – 500 g/ooi/dag om uierontwikkeling, bies- en melkproduksie te stimuleer.

h) Die maak van voerkorrels

Gebruik teen ’n insluiting van 5 tot 7.5 % as enigste grondstof wat ureum en ’n ionofoor voorsien.

Voermol

UREUM
Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

– gebruik lekke volgens voorskrif;
– beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
– voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
– tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
– voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
– moenie dat die lek nat reën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING
Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is ’n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer ’n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so ’n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg ’n veekundige.
- Dit is ’n aanvulling en nie ’n volledige voer nie. Voldoende weiding en/of ruvoer moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. ’n Konstante daaglikse voerinname voorkom vergiftiging.
- Voordat ’n NPN-bevattende lek gevoer word, moet ’n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING
Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.

Voermol